

Maandag

Agste Reformasiepreek. 2 Tim.3:14 – 17; 4: 3, 4. Ons as gelowiges hoor die Woord van God wanneer ons die Bybel lees en na die Bybel luister! Ons luister nie na sogenaamde “stemme van God” buite die Bybel nie. Daar is 'n groot verskil tussen die woorde wat iemand praat en die stem wat mense hoor as iemand praat. Dit is soos met boere en arbeiders. Baie keer hoor arbeiders niks van die woorde waarmee die boer die werk verduidelik nie. Hy vertel vir hulle hoe om die bome af te saag en oor in te ent. Hulle luister, maar hoor nie 'n woord van wat hy sê nie. Hulle wag net vir wanneer gaan hy sê hulle kan die hout maar vir hulle vat. Sy woorde verduidelik alles wat hulle moet doen, maar hulle wag vir die stem wat sê hulle kan die hout vat. Die Here gee vir ons die Bybel wat sy Woord is waarmee Hy ons toerus vir elke goeie werk. 2 Tim.3:16,17. Mense wil egter nie die Woord van God hoor nie. Hulle wil nes arbeiders die stem van God hoor. 2 Tim. 4:3,4 wys wat is hierdie sogenaamde “stem van God” wat mense hoor: “Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaar maak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor. Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend.” God se stem is wanneer jy hoor God sê jy kan die hout vat terwyl Hy met sy Woord wys hoe jy bome moet saag en inent. Hierdie stem van God in jou maak dat jy nie die Woord van God in die Bybel hoor nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za ds. Petrus

Dinsdag

2 Tim.3:14 – 17; 4: 3, 4. Net die Bybel alleen! Dit is die geloofsstandpunt wat die Gereformeerde Kerke teenoor die Rooms Katolieke Kerk (RKK) ingeneem het. Net die Bybel alleen is God se Woord. In Latyn is dit “sola scriptura”. Met hierdie slagspreuk is die “die stem van God” wat die RKK buite die Bybel hoor, verwerp. Want die RKK leer tot vandag toe nog dat jy die stem van God buite die Bybel kan hoor. In hulle amptelike kerkisasie boek Afdeling 1, artikel 2, paragraaf 82, leer hulle dat jy God op twee maniere kan leer ken, deur die “tradisie” en deur die Bybel: “Met die gevolg dat die Kerk, aan wie die oordrag en interpretasie van God se openbaring toevertrou is, nie haar sekerheid omtrent al die geopenbaarde waarheid van God net van die Skrif alleen verkry nie. Beide die Skrif en tradisie moet aanvaar en geëer word met die gelykwaardige gevoel van toewyding en aanbidding.” Hierdie sogenaamde “tradisie” waardeur jy God se spesiale stem kan hoor wat nie in die Bybel is nie, hoor jy by die spesiale geestelikes soos die pous en biskoppe. Volgens hulle het Jesus 'n spesiale verhouding met sy dissipels gehad waarin Hy hulle dinge geleer het wat nie in die Bybel is nie. Die RKK se spesiale geestelikes het kamstig vandag nog hierdie spesiale verhouding met Jesus waardeur hulle nog baie goed wat God sê hoor wat nie in die Bybel is nie. Jy moet God se stem by hulle hoor. Ons verwerp hierdie stem van God buite die Bybel as die stem van ons eie begeertes. ds. Petrus

Woensdag

2 Tim.3:14 – 17; 4: 3, 4. Tradisiegodsdien is om met dieselfde geloof en eerbied waarna ons na die Bybel as God se Woord moet luister, te luister na die stem van

God in sogenaamde spesiale godserverings van geestelikes. Paulus as apostel noem hierdie spesiale godserverings in 2 Kor. 11 en 12 nonsens. Die sogenaamde stem van God deur die lewe en visioene van spesiale geestelikes is volgens Paulus “dwaasheid” (2 Kor. 11:1; 16, 17, 19, 21), en die prediking oor hierdie stem van God wat mense gehoor het, grootpraat en roem. (2 Kor. 11:16, 17, 18, 30, 12:1) Hy wys dat hy ook oor sy eie vroomheid en werk vir die Here kan preek, 11: 22,23; ook oor hoe swaar hy vir God het gekry en mishandel is, 11: 23,24; ook oor hoe God hom op besondere wyses uitkoms uit nood gegee het en ook oor hoe lief hy vir mense is, 11: 26 – 33; ook oor besondere ervarings wat hy met God gehad het: 12: 1-5. Paulus as apostel verwerp egter hierdie prediking. Hy preek net die Woord van God. 2 Kor. 4: 5 “Ons verkondig nie onself nie maar Christus as die Here, en onself as julle dienaars ter wille van Christus.” Christus is God se Woord en hy verkondig Christus as God se Woord, nie sy eie lewenservarings met God nie. Geestelikes wat sogenaamde godserverings preek asof God se stem daarin hoorbaar is, noem Paulus “valse apostels” 2 Kor. 13. Ons luister nie na sulke tradisiegodsdienste nie. Ons luister net na die Bybel as God se Woord – sola scriptura ds. Petrus

Donderdag

2 Tim.3:14 – 17; 4: 3, 4. Die Jesus en die gees wat geestelikes ervaar, in die stem van God wat hulle buite die Bybel hoor, is nie maar net ’n praktiese, meer volkome of ander manier om Christus te beleef nie. Tradisiegodsdienste eer en aanbid deur hulle godserverings ’n ander Jesus as Christus en ’n ander gees as die Heilige Gees. Met die stem van God buite die Woord, verlei hulle met tradisiegodsdienste gelowiges weg van die onverdeelde en suiwere toewyding aan Christus. 2 Kor.11: 3, 4. Deur hierdie stem hoor en glo Rooms Katolieke geestelikes dat Maria nes Jesus, lewend opgevaar het na die hemel, aan die regterhand van God saam met Jesus sit, saam met Hom Middelaar tot God is, sodat mense ook tot haar kan bid vir God se vergifnis en beskerming. Hierdie Jesus wat saam met sy “mamma” Middelaar is, is ’n ander Jesus as die Here wat alleen opgevaar het na die hemel en sonder sy “mamma” ons sondes vergewe. 1 Tim. 3:16 Deur hierdie stem van God hoor moderne geestelikes vandag nie meer dat die Heilige Gees jou verenig met Christus se menswees om volkome reg en goed vir God te wees nie. Ef. 1: 3-14; Kol. 1:22, 23. Hulle hoor ’n ander gees, vir wie jou liefde, lewe en gebede vir God, kamstig nog nie reg is nie omdat jy nog nie deel is van God se goddelike krag en mag nie. Volgens hulle tradisiegodsdienste moet God jou nog eers met goddelike krag vervul, na jy tot geloof in Christus gekom het. Hierdie gees van goddelike krag is ’n ander gees as die Heilige Gees wat ons met Christus se menswees verenig. ds. Petrus

Vrydag

2 Tim.3:14 – 17; 4: 3, 4. Wanneer ’n boer vir arbeiders vra hoekom hoor hulle nie hoe Hy die werk verduidelik nie, hoekom hoor hulle net wat kan hulle kry, dan antwoord hulle hom altyd: “dit is ons tradisie.” Tradisionele godsdienste volgens die Bybel is om nie na God se Woord, die Bybel te luister nie, maar na die stem van jou eie begeertes. Die geestelikes het vandag aan die woord “tradisiegodsdienste” ’n totaal

verdraaide betekenis gegee. Wanneer jy as kind van die Here net na die Bybel as God se Woord luister, om net te doen wat die Here sê, word jy deesdae deur jou eie dominee verdag gemaak dat jy dit net doen omdat dit 'n gewoonte, 'n tradisie is. Volgens die geestelikes is jy 'n onegte Christen as jy nie na God se stem buite die Bybel wil luister nie. Om 'n sogenaamde egte Christen te word, vry van wat hulle tradisiegodsdienst noem, moet jy dan na God se stem in die geestelike ervarings van spesiale geestelike mense luister. So verdraai hulle die stem van hul begeertes om die sogenaamde "egte geestelikheid" te wees en die luister na God se Woord die onegte godsdienst te wees wat kamstig "net uit gewoonte" is. Christus het ons verlos om nie meer soos arbeiders na "God se stem" te luister nie, maar as sy kinders net na sy Woord te luister, sola scriptura. Gal.4: 6,7. Ons as kinders van die Here het die vaste gewoonte om eg net na die Bybel as God se Woord te luister. Ons het nie die tradisie, die onegte gewoonte, om ons eie sondige begeertes as God se stem te hoor nie. ds. Petrus.